**VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA**
**Somerset-Wes**

Leraar: Ds. A. Cloete-Damons
Telefoon: (021) 939-2461
Selfoon: 084 585 2019

Kerkstraat 50, Somserset-Wes, 7130
Posbus 372, Somerset-Wes, 7130

8 Februarie 2021

**PASTORAL BRIEF 01/2021**

Liewe Broer, Suster in Christus

**HEROPENING VAN EREDIENSTE, DIENSTE EN VERENIGINGS**

Dit is met groot vreugde dat ek na Desember se pastorale brief vir u kan inlig dat ons eredienste en aktiwiteite by die kerk hervat sal word. Aangesien Covid-19 glad nie iets van die verlede is nie, en ons reeds 'n derde golf in die gesig staar, het Kerkraad het op haar Gewone vergadering besluit dat die terugkeer na die kerk soos volg sal geskied:

- Op 17 Februarie om 19h00 sal die Aswoensdag diens by die kerk gehou word.
- Op 21 Februarie om 10h00 sal Eredienste begin.

Vir beide dienste bly die maksimum getal 50 persone wat dienste kan bywoon in lyn met die Regulasies wat die pandemie in die land bepaal. Ek bevestig die whatsapp-boodskap wat vroeër in hierdie verband deur Sus. Bergstedt uitgestuur is dat, Kerkraad hierdie keer besluit het om **lidmate toe te laat wat hul name eerste ingee.** U name moet u so vroeg as moontlik bereik en Donderdag is die afsnydatum.

- Alle Verenigings kan heropen en voorsitters moet asseblief met hul Kernbediening voorsitter skakel sodat seker gemaak word dat ons by die regulasies hou.

Graag gee ons deur dat Sus. Marilee du Toit op dieselfde Gewone Kerkraadvergadering tot die amptelike skriba vir die gemeente gekies is. Ons wens haar alle voorspoed in hierdie pos toe en versoek dat u haar ook in u gebede sal opdra.

Geliefdes, ek moedig u verder aan om asseblief met u Wykskerkraadslid in verbinding te tree oor enige besluite aangaande die planne/geestelike groei/barmhartigheid by die kerk. Hiermee saam is ons dringend op soek na lede om saam met ons die Evangelie deur

Sonder u kan ons nie die arm van barmhartigheid tot die uiterstes in die gemeente en gemeenskap neem nie.

Braam Hanekom skryf in sy boek *Wat is die verskil tussen kerke wat groei en kerk wat sterf* die volgende:

*Die wonder van die kerk is dat ons nie net met beginsels uit die sosiale en bestuurswetenskappe hoef te werk nie, maar met die bonatuurlike krag en leiding van die Heilige Gees self. Dit open die deur na 'n fantastiese avontuur in 'n wêreld waar miljoene mense hoop verloor het.*

Wees veilig!

Christusgroete

**Ds. Anne-Marie Cloete-Damons**

**Skriba:**
**Marilee du Toit**
**Selfoon: 065 526 4139**

**Kassier/e:**
**Desmine Bergstedt**
**Selfoon: 063 130 8111**